



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (17 – 21 Mei 2021)

Personalialia

Deel 'n paar vlooiemark ervarings met mekaar.

Gebed, Lof en Aanbidding

Gee vir elkeen geleentheid om te sê waarvoor julle vir hom/haar kan bid. Bid saam.

Dank die Here dat Hy leef en ons met Hom!

Dank die Here vir die reën wat geval het en bly bid vir reën in ons opvangsgebiede.

Gespreksvrae:

SKRIFLESING: Rom 8:1-17

TEMA: Ons sit nie met verslete klere op 'n skewe stoeltjie onder 'n verbleikte sonsambreel nie.

1. Gesels oor die volgende berigging:

Nou die dag loop ek 'n effens verslete ou onder 'n verbleikte sonsambreel by 'n vlooiemark raak. Sy stoel is gedaan en sy tafeltjie staan skeef. Hy lyk moeg en afgerem, maar hy doen sy bes om mense te oortuig om 'n boek te koop wat handel oor: "Hoe om vinnig ryk te word." Ek kon my oë nie glo nie. Al het ek hom innig jammer gekry was die versoeking groot om in sy oor te fluister: "Lees die boek en doen wat daarin staan."

Die berigging is lagwekkend, maar ongelukkig ook soms waar vir ons as kinders van die Here en vir ons as Sy kerk. Hoe is dit op ons van toepassing?

2. In 'n lewe onder beheer van jou sondige natuur is jy 'n slaaf van sonde. Gesels oor wat dit beteken? Wat is die einde van so 'n lewe?

3. Wat beteken dit om jou daaglik deur die Gees te laat beheers? (Rom 8:4-5; 13-14)

4. In 'n lewe onder beheer van die Heilige Gees is jy kind van God, jou sondes is vergewe, jy leef liefde, jou lewe is gevul met vrede en jy is nie meer bang vir die dood nie. Gesels oor wat dit beteken en hoe jy dit ervaar?

5. Wat beteken Rom 8:14-16 vir jou?

6. Bespreek die volgende:

Ds W.G.A. van der Linden van die Paarl het tydens die Pinkster van 1861 'n besondere ondervinding met die Heilige Gees gehad. Daarna het hy verklaar: "Hoeveel jare het ek

nie die Here as slaaf gedien nie; maar hoe groot is die onderskeid nie om Hom nou te dien as kind en nie as slaaf nie! Nou eers besef ek die vryheid.

Kind wees maak alles anders. Ek gaan nie erediens toe omdat ek móét nie, maar omdat ek wil. Ek gee nie my dankoffer omdat ek bang is vir God nie, maar omdat dit 'n voorreg is. Ek is nie 'n getuie van Christus omdat ek daartoe beveel is nie, maar omdat ek my Vader liefhet.

Om alles te kroon, is ek as kind nog erfgenaam ook. Ons erf saam met Christus. Ons sal nou saam met Hom deel in sy lyding. Wie hier deel in sy lyding, sal egter ook bevoorreg wees om met Hom te deel in die erfenis wat vir ons wag.”

Uitsending

Klim van jou skewe stoeltjie onder die verbleikte sonsambreel af en gaan leef as 'n kind van God!

Info blad

Alle aankondigings verskyn op die Kommunikamma. Ons vestig julle aandag net weer op die volgende belangrike sake:

Maandag 17 Mei om 09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Hoekom is die Gees gestuur? – Ds Du Toit Wessels (Joh 14:15-17)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens

<https://youtu.be/kqbrG9GaOHQ>

Dinsdag 18 Mei om 09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Die Gees help ons om te glo. – Ds Heinrich Carstens (Luk 24:13-53)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens

https://youtu.be/FrU_QBjn5o0

Voedselhelp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning. Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R197 269 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 19 Mei om 09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Die Gees sal ons in die hele waarheid lei. – Ds Gerhard Loubser. (Joh 16:12-15)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens

<https://youtu.be/IXiuocoU4UA>

Donderdag 20 Mei

19:00 Kerkraad beroepingsvergadering

Sondag 23 Mei – Pinksterfees om 08:30 en 10:00

Baie geluk - Jy is 'n erfgenaam van oorvloed! (Rom 8:18-30) – Ds MG van Rooyen

Die dankoffer by al die Pinksterdienste gaan vir die Bybelgenootskap.

Die pad vorentoe.

Kandidate is verminder na die volgende 3 aansoekers (in alfabetiese volgorde): Nicola Alberts, Elsché Eygelaar en Du Toit Wessels. Ons nooi 2 van die kandidate vir preekbeurte. Elsché Eygelaar het verlede Sondag gepreek en Toit Wessels preek Maandag ,17 Mei, tydens die oggend- en aanddiens van die Pinksterdienste. Daarna sal die kerkraad op 'n vergadering op 20 Mei die beroep uitbring. Ons vra dat julle as gemeente saam met die Pre-Advies en kerkraad sal bly bid vir die proses.

KERMIS

Ons is reeds besig met die beplanning van die Kermis wat op 16 Junie gaan plaasvind. Ons sal verseker dat alle Covid 19 protokolle in plek is, om dit vir almal veilig te maak om deel te wees van die dag. Op die spyskaart is al ons gunsteling, soos bv Kerrie en Rys, Pannekoek, Spitkoeke, Hamburgers en vele meer. En om seker te maak dat jy wel iets van alles kan eet, kan jy eers die 5km Pretdraf doen om so 'n paar kalorieë te verbrand.

Ons soek konvenors vir die volgende stalletjies:

Brekkie Buns; Vetkoeke en Gebak

Indien jy kans sien om hiermee te help, kontak asb vir Frans Stapelberg (082 773 6205) of Niekie Oosthuizen vir meer inligting.